NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
alkmaar
'n Gemeente wat omgee
Bulletin
8 Februarie 2026

GOD GIET NIE ALLES IN DIE LEWE IN SEMENT NIE

"Kan ek jou teekoppie lees?" vra 'n tannie my eendag uit die bloute. "Hoe bedoel Tannie?" wou ek dadelik weet. "Die teeblare onder in die koppie vertel jou toekoms," sê sy. Toe sluk ek my hele toekoms net daar in van pure skrik. Miskien is dit hoekom ek steeds nie tee se vernaamste bewonderaar is nie. Ek wil darem nie elke slag met sulke "feite" op die bodem van elke liewe teekoppie gekonfronteer word nie.

Dit lyk my mense sal enigiets doen om die toekoms te ken en voorspel. Nie eens gelowiges ontsnap van sulke dinge nie. Wie weet hoeveel keer het ons nie in 2025 deurgeloop onder "profete" wat presies weet hoe die wêreld se toekoms gaan afspeel, of wanneer een of ander wegraping gaan plaasvind nie. Daarom troos dit my om te weet dat slegs God die toekoms ken. Die toekoms is Syne. Ek hoef nie my kop hieroor te breek nie.

Baie mense is behep met die toekoms omdat hulle blindelings in die noodlot glo. "Alles gebeur met 'n rede" is hulle mantra. Dit onthef hulle van enige aanspreeklikheid. "Wat moet gebeur, sal gebeur." So glo hulle.

Genadiglik giet God nie alles in die toekoms in sulke lewelose sement nie. In Jeremia 18 sê die Here byvoorbeeld dat Hy nog besig is om planne te maak. Dis nog nie afgehandel nie. As Israel hulle bekeer, sal God Sy planne aanpas. Nee, God is nie wispelturig nie. Sy toekomsplanne is altyd in lyn met wie Hyself is. Hy is Immanuel. God is by ons. Daarom is die toekoms nooit onseker nie. Ons kan God regtig hiermee vertrou. Intussen leef ons elke dag tot Sy eer.

Stephan Joubert (www.ekerk.org)

VANDAG 8 FEBRUARIE

- Biddag vir Opvoeding & Onderwys
- Erediens: Alk: 09:00; Ngd: 18:00
- Bekendstelling: Jeugwerkers, Herderleiers

SONDAG 15 FEBRUARIE

- 1e Lydensweek; Verheerlikingsondag
- Nagmaal: Alk: 09:00, Kinderkerk; Wegneem-ete
- Nagmaal: Ngd: 18:00

DEUROFFERS FEBRUARIE: HUIS BETLEHEM

Navrae: Mariaan Lourens 079 490 5095/013-744 3133
e-pos betlehem@vodamail.co.za

KWARTAALTEMA

Ontdek wie jy is en wat jou skeppingsdoel is.
"In Christus: Wie ons is, hoe ons leef, waarvoor ons staan."

8 Feb (4)	– Geen buitestanders meer nie *Efesiërs 2:11–22*
15 Feb (5)	– God se plan deur 'n gebroke kerk *Efesiërs 3:1–13*
22 Feb (6)	– Gewortel in liefde, gevul met God *Efesiërs 3:14–21*
1 Mrt (7)	– 'n Lewe wat pas by die roeping *Efesiërs 4:1–16*
8 Mrt	– Bybelgenootskap
15 Mrt	– Paassangdiens
22 Mrt (8)	– Trek die ou mens uit *Efesiërs 4:17 – 5:2*

Ons Gemeente se Bankbesonderhede:

ABSA - NG Kerk Alkmaar - Tjekrek. 1070580035 Snapscan: Takkode 334-252; Internet-takkode 632005

Verwysing vir inbetalings is belangrik asb!
Gebruik ***u naam*** en *een van die volgende…..*
(afhangende van die offergawe wat u gee):
DO vir maandelikse dankoffers
10de vir tiendemaand bo-en-behalwe offergawe (Okt)
GOB vir geloofsofferbeloftes (sending/evangelisasie)

Kontak ons gerus:

Predikant: Johannes van der Merwe
074 142 3456; ephesians321@me.com
Kerkkantoor tel nr's: 013-733 3873 / 082 261 0371
Kerkkantoor: Gladys Grobler; ngkerk@alkmaar.co.za
Koster: Alk: Estie Erasmus 076 625 3188 skakel of WhatsApp
Koster: Ngd: Madelein Venter 083 607 0728
Gemeente webwerf: www.alkmaar.co.za

Ngodwana Eredienste & Kategese:

Tydens skoolkwartale: kategese 17:00, erediens 18:00 by die Gemeenskapskerk te Calhounstraat, naby Clivia Laerskool.

Kinderkerk (kinders vanaf 3 jr tot Gr 2):

Tydens die oggenddiens in die saal op 15 Februarie, 15 Maart en 12 April 2026.

Vergaderings:

Ma.	23 Feb.	18:00	Kerkraad
So.	8 Mrt.	10:45	Gemeente-aksies (projekte ens)

Bulletin

8 Februarie 2026

"Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word, en met die maat waarmee julle meet, sal vir julle afgemeet word." Matteus 7:1-2

VOORBIDDING

▣ **Kom bid saam:** In die Konsistorie (Alk) Sondae 08:45 en **na die aanddiens** by die Gemeenskapskerk te Calhounstraat, naby Clivia Laerskool.

▣ **Gebedsaksie en –versoeke:** Kontak gerus ds. Johannes (074 142 3456).

▣ **Siekes:** Hester Liebenberg, Hannes Erasmus, Ruan van Wyk, Bertus Saayman, Mariana Mahoney, Janine Stoop, Evette Eastes, Jan Pienaar, Lillian Greyvenstein, Sarie en Freek Esterhuizen, Freek Esterhuizen (jnr), Ester van Wyk.

▣ **Ander siekes:** Theuns Steyn, Kleintjie Snyman, Marcelle Slabbert, Marieta Bekker, Wynand en Rita Visagie, Franci Osborne, Charmaine Henning, Ian van Vuuren, Frikkie Crotz jnr, Dup du Plessis, Liezel Theron (ma en pa), Pieter Theron se ma, swaer Wynand Basson en suster Wilna, Riaan Beyleveldt se skoonsuster, mense met depressie en kanker.

▣ **Ander:** Voorbidding vir ons 5 evangeliste: Phetsile, Amon, Simon, Jackson en Terrence. Boere en gesinne weens vloede, droogtes, uitdagings met diere ens.

KERKRAADSLEDE VAKANT

Ons benodig lidmate vir Evangelisasie, Toerus (Alk). Navrae: Frank Erasmus, predikant, kerkkantoor.

BYBELSTUDIE

Bybelstudie word Donderdagaande 19:00 virtueel gehou. Enige persoon wat graag wil inskakel, stuur asb. vir Johannes 'n whatsapp met jou naam en selfoonnommer.

KOSSTALLETJIE ~ 28 FEBRUARIE 2026 BY DIE TRAC N4 ELANDS MARATHON

As fondsinsameling gaan ons gemeente jafels en hotdogs verkoop by die marathon wat by die Sappi Skills Training Centre, 3.4km verby die Sappi fabriek in Waterval-Boven rigting gehou word.

Helpers is nodig vanaf 05:00-08:00; 08:00-11:00 en 11:00-13:00 en om uitgawes te beperk vir die aankope, vra ons asb. kontant donasies hiervoor. Lyste is beskikbaar om aan te dui waarmee jy kan help, of kontak / whatsapp die kerkkantoor 082 261 0371 / Estie 076 625 3188.

VERJAARSDAE

11e Magda Beyleveldt NST, Miané van Wyk BURN
12e Eddie Buys jnr RIETF, Selah du Plessis S-KLOOF, Raymond Fuchs SCHAG

Gods rykste seën, baie geluk!

MANIERE OM DANKOFFERS TE GEE

Baie dankie vir lidmate wat getrou hulle dankoffers gee (2 Kor. 9:6-7). U word opnuut versoek om seker te maak en veral te kyk na herhalende internetbetalings wat jaarliks hernu moet word. Maandelikse dankoffers (verw: jou naam + DO) kan gedoen word per debietorder; elektroniese oorbetaling; met u selfoon via ons gemeente se Snapscan-kode (laat weet asb. die kerkkantoor - whatsapp na 082 261 0371 - indien u 'n dankoffer so betaal, omdat daar nie op Snapscan gespesifiseer kan word nie). Gebruik Snapscan ook vir ere-dienskollekte.

FONDSINSAMELINGSPROJEKTE

Wildspastei wegneem-ete 15 Feb:

~ na die erediens te Alkmaar ~

Bestel asb. jou porsie @R50 op die lys beskikbaar of whatsapp die kerkkantoor 082 261 0371 vóór 11 Feb. 2026.

Kosstalletjie 28 Feb:

~ by die Elandsmarathon te Ngodwana ~

Lyste is beskikbaar vir kontant donasies vir die aankoop van bestanddele, asook helpers in drie skofte tussen 05:00-13:00.

Skenk wit olifant-items:

Ons vra alle lidmate om ongebruikte items by die huis (groot of klein) na die kerk te bring. Die items sal verkoop word by die Rademeyer-veiling as deel van ons fondsinsameling. Kom ons ondersteun saam ons gemeenteprojekte!

- Aflewering: By die kerk.
- Wanneer: Sondae ná die diens, of gedurende die week Maandae tot Vrydae 08:00-16:00.
- Wat: Enige bruikbare items – meubels, gereedskap, huisware, kombuisware, dekor, elektronika, ens.

LW Groot items o.a. meubels, toerusting ens. kan onder "NG Kerk Alkmaar" se naam direk by C&C Rademeyer Afslaers op die Barberton-pad, afgegee word. Navrae: Frank Erasmus

Te koop:

- Water: pakke van 12x500ml bottels @R70
- Suurlemoensap: 440ml konsentraat @R50

Beskikbaar in die saal na die erediens.